
# 211 Jesus, kom en leef in my




Na U sug ek duisendmaal:
Laat u liefde my bestraal,
hoor hoe ek so droewig ween,
ek verlang na U alleen.

Ek begeer geen wêreldlus,
dit stel my tog nooit gerus,
as my Jesus by my is,
voel ek geen bekommernis.

Selfs die reinste hemelvrug
sou my siel nog nooit verheug
as ek U daar moes ontbeer,
U my Heiland, God en Heer.

Daarom, liefste Jesus, kom,
ek is gans u eiendom;
wees my troos hier in die tyd
en my heil in ewigheid.

Johann Scheffer (1624-77) The Parish Choir (1851)